



GEBED- EN VASTYD 2021

18 Januarie – 7 Februarie

Tema: Kry jou fokus reg

MAANDAG, 18 Januarie

Vandag se fokus: Vastye is noodsaaklik vir 'n kind van God

GOD BELOON DIE MENS WAT VAS.

Nee, as jy vas, versorg jou hare en was jou gesig, sodat niemand kan sien dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon. Matt 6:17-18

GEESTELIKE SUIWERING VIND PLAAS DEUR VAS.

Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep. Joël 2:12-13

DINSDAG, 19 Januarie

Vandag se fokus: Gebed bewerk geweldige resultate vir die kind van die Here

GEBED BEWERK 'N VREDEVOLLE GEMOED.

Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. Fil 4:6-7

GEBED BEWERK GOD SE NABYHEID.

Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep. Ps 145:18

WOENSDAG, 20 Januarie

Vandag se fokus: Bid vrymoedig in Jesus se Naam

KRAGTIGE GEBEDSBEANTWOORDING VIND PLAAS WANNEER ONS IN SY NAAM BID.

"Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan. Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die

Vader deur die Seun verheerlik kan word. As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.” Joh 14:12-14

Daardie dag sal julle nie meer vrae aan My stel nie. "Dit verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee. Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.” Joh 16:23-24

DONDERDAG, 21 Januarie

Vandag se fokus: Ons voorbidding maak `n reuse impak op ander se lewens

ONS VOORBIDDING DRA BY DAT MENSE LIEWER WORD VIR DIE HERE.

Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer. Fil 1:9-11

ONS VOORBIDDING DRA BY DAT GOD SY KINDERS INNERLIK VERSTERK.

Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Ef 3:16-17

VRYDAG, 22 Januarie

Vandag se fokus: Gebed is nie net praat nie, maar ook luister

JY VERKRY `N DIEPER VERSTAAN IN DIE DINGE VAN GOD WANNEER JY LUISTER.

Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie. Jer 33:3

SATERDAG, 23 Januarie

Vandag se fokus: Bid in die Gees

ONS MOET AFHANKLIK VAN DIE HEILIGE GEES SE LEIDING BID.

Doen dit alles biddend en smeeek God by elke geleentheid deur die Gees. Ef 6:18

Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. Judas 1:20

SONDAG, 24 Januarie

Vandag se fokus: Gebed is kwaliteit alleentye met God

GOD SAL JOU BELOON AS JY TYD ALLEEN MET HOM SPANDEER.

Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon. Matt 6:6

JY VOLG JESUS SE VOORBEELD AS TYD ALLEEN MET GOD, JOU VADER SPANDEER.

Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen. Matt 14:23

MAANDAG, 25 Januarie

Vandag se fokus: Gehoorsaamheid

DEUR GEHOORSAAMHEID BELEEF ONS 'N INNIGE VADER-KIND VERHOUDING.

Daarom: "Gaan van hulle af weg en sonder julle af," sê die Here, "en moenie wat onrein is, aanraak nie." "Dan sal Ek julle aanneem, en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees," sê die Here, die Almagtige. Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons. Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy. 2Kor 7:1

GEHOORSAAMHEID IS VIR GOD UITERS WAARDEVOL.

Die Here verkies dat 'n mens doen wat regverdig en reg is eerder as dat jy offers bring. Spr 21:3

DINSDAG, 26 Januarie

Vandag se fokus: Vertroue

GOD SE SEËNENDE HAND IS OP IEMAND WAT HOM VERTROU.

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie. Jer17:7-8

DIE HERE HELP IEMAND WAT SY VERTROU IN HOM STEL.

Moenie op magtiges vertrou nie, nie op 'n mens nie; hy kan jou nie red nie. Sy asem verlaat hom, hy word weer grond en sy planne is daarmee heen. Dit gaan goed met die mens wat sy hulp van die God van Jakob ontvang, die mens wie se hoop gevestig is op die Here, sy God. Ps 146:3-5

WOENSDAG, 27 Januarie

Vandag se fokus: Oorgawe aan God

OORGAWE IS DIE KERNSAAK VAN ONS WANDEL MET GOD.

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die weselike van die godsdienst wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. Rom 12:1-2

DONDERDAG, 28 Januarie

Vandag se fokus: Pak die lewe met moed aan

GOD IS BY ONS, DAAROM KAN ONS MOEDIG LEEF.

Hierdie wetboek moet die rigsgnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan. Josua 1:8-9

KINDERS VAN GOD IS MOEDIGE MENSE.

Die goddelose hardloop weg al jaag niemand hom nie; die regverdiges het die moed van 'n leeu. Spr 28:1

VRYDAG, 29 Januarie

Vandag se fokus: Onderwerping aan God

GOD SELF VERHOOG 'N MENS WAT HOM ONDERWERP.

Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars. Bekla julle ellende, treur en hui! Laat julle vrolikheid in rou verander en julle blydschap in droefheid. Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog. Jak 4:7-10

SATERDAG, 30 Januarie

Vandag se fokus: Lewensblydskap

DIEPGAANDE LEWENSBLYDSKAP IS 'N UITVLOEISEL VAN ONS VERHOUDING MET DIE HERE.

U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit U hand kom net wat mooi is. Ps 16:11

Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydskap. Maar die een met wie Hy nie tevrede is nie, kry die taak om op te gaar en bymekaar te maak en dit dan te gee aan een met wie God tevrede is. Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is 'n gejaag na wind. Pred 2:26

SONDAG, 31 Januarie

Vandag se fokus: 'n Oorwinnings-gesindheid

GOD SE WIL IS DAT ONS AS OORWINNAARS MOET LEEF.

Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur. 2Kor 2:14

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Rom 8:37

OORWINNING WORD DEUR DIE HERE GEGEE.

Perde kan afgerig word vir oorlog, maar dit is die Here wat die oorwinning gee. Spr 21:31

MAANDAG, 1 Februarie

Vandag se fokus: 'n Liefdeswandel

LIEFDE LAAT ONS ANDERS LEEF.

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. 1Kor 13:4-7

ONS LIEFDESWANDEL GETUIG DAT ONS AAN DIE HERE BEHOORT.

Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is. Joh 13:34-35

DINSDAG, 2 Februarie

Vandag se fokus: Prioriteite

STEL GOD EERSTE EN BO ALLES IN JOU LEWE, EN HY SAL JOU ONDER SY SORG NEEM.

Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. Matt 6:31-33

AS ONS GOD EERSTE STEL, GENIET ONS SY GUNS EN DIE RESPEK VAN MENSE.

Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense. Rom 14:17-18

WOENSDAG, 3 Februarie

Vandag se fokus: 'n Kragtige lewe

DIE HERE GEE ONS KRAG VIR ONS LEWENSPAD.

Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik. Hy gee die vermooides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie. Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie. Jes 40:28-31

DIE DIE HEILIGE GEES MAAK ONS ONVERSKROKKE EN KRAGTIGE GETUIES VAN JESUS CHRISTUS.

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld. Hand 1:8

DONDERDAG, 4 Februarie

Vandag se fokus: Die seën van God

VRA VRYMOEDIG DIE HERE SE SEËN OOR JOU EN JOU MENSE.

Jabes het die God van Israel aangeroop met die woorde: "Stort u seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder u beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie." God het laat gebeur wat hy gevra het. 1Kron 4:10

VRYDAG, 5 Februarie

Vandag se fokus: Die werklikheid van die ewigheid

LEEF MET DIE HEMELSE WENSTREEP IN GEDAGTE.

Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms. 2Tim 4:7-8

Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus. Fil 3:14

SATERDAG, 6 Februarie

Vandag se fokus: Die geestelike stryd

BLY OP JOU POS EN BIED WEERSTAND TEEN DIE BOSE AANSLAE.

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. Ef 6:10-17

SONDAG, 7 Februarie

Vandag se fokus: Dank aan die Here

ONS MOET DIE HERE DANKBAAR DIEN EN LOOF.

Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag. Ps 100:4-5

OM DEURENTYD DANK AAN DIE HERE TE BRING, WERK MEE DAT ONS HOM NIE VERGEET NIE.

Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het. Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet deurdat jy nie gehoorsaam is aan sy geboie en bepalings en voorskrifte wat ek jou vandag gee nie. Deut 8:10-11